# LESING 3 - 29 Januarie 2022 - Aanhalings uit: Die Eindtyd kom - Intelligensie Evaluasie

### Juda word eerste verlos

***Sag 12:7*** *En JaHWeH sal eers die tente van JeHûWdah verlos, sodat die roem van die* ***huis van Dawid*** *en die roem van die* ***inwoners van Jerusalem*** *dié van JeHûWdah nie sal oortref nie.*

*8 In dié dag sal JaHWeH die inwoners van Jerusalem rondom* ***beskut****, en die struikelende onder hulle sal in dié dag wees soos Dawid, en die* ***huis van Dawid soos Elohim****, soos die Boodskapper van JaHWeH voor hulle uit. [TsefánJaH 2:7; ZekarJaH 10:6]*

*9 Ook sal Ek in dié dag daarna soek om al die nasies wat teen Jerusalem aankom, te verdelg.*

Abba Vader red eers vir Juda (**Sag. 12:7**) en Hy sal Sy Gees van genade dan oor julle uitgiet. (**Sag. 12:10**)

***Sag 12:10*** *Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van* ***Barmhartigheid en Smekinge****; en hulle sal kyk* ***na My vir wie hulle deurboor het****, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n iemand rouklaag oor 'n enigste Seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore Kind.*

'Ek is op die punt om 'n leër in hierdie volk (in Suid-Afrika) op te rig, 'n groot leër van My volk **om die poorte ("gateways") van die hel te bestorm ….** Om My koninkryk in Suid-Afrika op te rig ... Ek sal hierdie volk opwek as 'n magtige, wonderbaarlike juweel, en Ek sal dit aan die volkere van hierdie wêreld wys ... Hierdie volk sal **getransformeer** word, net as julle op julle knieë in volkome nederigheid **voor My buig en My liefde toelaat om oor julle te was en julle te verander.**" **[Die profesie van Steve Lincoln. (1990)]**

### "Demoniese inval kom voor die goddelike ingryping!"

Die skielike verskyning van die jakkalsgees/ Herodes-gees, 'n sluipende gees) wat wil doodmaak, steel en vernietig ten tye van die geboorte van 'n groter koninkryksbestemming van Suid-Afrika sal eers plaasvind... "

Die **Sionsfeer (Nuwe Jerusalem**) daal na Suid-Afrika neer, na die verskriklike nag van Johannesburg. Die hemelstad wat binne die Sionsfeer ingeweef is, is die Moederfiguur van die adam (die kinders van die lig). (**Gal. 4:26**.) Die openbaarmaking van die kinders van die lig het aangebreek. Hulle Moederfiguur het gekom om die adam te baar. (**Openb. 12:4**.) Die draak en sy engele staan voor die vrou wat op die punt is om te baar, om haar kind te verslind sodra sy die kind baar. (**Openb. 12:4**.)

***Gal 4:26*** *Maar Jerusalem daarbo is vry; en* ***Sy is die Moeder*** *van ons almal.*

***Openb. 12:4*** *en sy stert het die derde van die Sterre van die Hemele meegesleep en hulle op die Aarde gegooi.* ***En die Draak het gestaan voor die Vrou wat op die punt was om te baar****, sodat hy Haar kind sou verslind sodra Sy gebaar het. [JeshaJaH 21:3]*

*5 En Sy het 'n* ***manlike Kind*** *gebaar, wat al die nasies met 'n Septer van Yster sou regeer;* ***en Haar Kind is weggeruk na die Elohim en Sy Troon.***

LUISTER! **DIE GEBOORTETYD IS NOU** IN HIERDIE LAND OP HANDE, ... MAAR HAAR ARBEIDSKREUN HET HAAR **BINNE DIE GEES VAN LEVIATAN** INGETREK, ... WAT NOU HAAR GEBOORTEREG EN DIE BESTEMMING-STATUS VAN HIERDIE VOLK WIL STEEL ... Daar is 'n konflik in hierdie uur van geboorte aan die gang ..." *(Gatewaynews, it's time to declare 'It is written, it is finished' — Veronika West. 15 Julie 2021.)*

*"As julle die gruwel van verwoesting in die heilige plek sien staan, soos deur die profeet Daniël beskryf is, weet dat mense* ***in baie kerke die merk van die dier ontvang,*** *het die Meester gesê. Ek het gesê: 'Meester, hoekom het ek geleer dat die merk van die dier op die hand en voorkop van mense geplaas sal word in die nadraai van die wegraping wanneer die Antichris die wêreld probeer regeer. Die Meester antwoord: Nee, my dogter, die duiwel verseël die wêreldbevolking* ***reeds*** *met die merk van die dier in baie kerke. Mense ontvang die merk van die dier. Vermy die KERKE (****wat deur die vrymesselaarsbedienaars en die elite beheer word****). Die merk is geestelik (en kan deur 'n geestelike oog waargeneem word), sê die Meester ...* ***Die merk van die dier kan nie verwyder word nie****.* ***Dit is die merk van die verkeerde gees****." (Grace For Purpose, Some People Have Been Marked By The Wrong Spirit. 2 September 2021.)*

"Die oorlogsengele is gereed - die brul van die hemel kom neer - die hemel is op die punt om jou Suid-Afrika te raak." "**Die Leeu van Juda sal dan gebrul het** en sal die engeleleërs onder leiding van Migael op die punt van Afrika staan, (ons sal in daardie tyd twee vuur-pilare sien - 'n pilaar van vuur op die land en 'n ander een op die see – Openb. 10:2) gereed om 'n oordeel oor die draak te voltrek wat probeer om die geboorte van God se belofte vir die vasteland van Afrika te steel." *(Ariella Ministries, A WORD FOR SA - NAOMI SHENEBERGER - 17 Maart 2021.)*

***Openb.. 10:2*** *en in Sy Hand het Hy 'n geopende Boekie gehad, en Hy het Sy regtervoet op die* ***see*** *gesit en Sy linkervoet op die* ***land;***

*3 en Hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n* ***leeu wat brul****, en toe Hy uitgeroep het, het die* ***sewe donderslae*** *hulle stemme laat hoor. [Boekrol van Henog 20:2]*

*7 maar in die dae van die stem van die sewende Boodskapper, wanneer Hy begin blaas,* ***dan is die verborgenheid van Elohim volbring,*** *soos Hy die goeie nuus verkondig het aan* ***Sy diensknegte, die Profete****.*

*"Die Hand van Genade word na Suid-Afrika uitgestrek, en, deur Suid-Afrika, na die ganse wêreld. Diep en groot is die betekenis hiervan!* ***Suid-Afrika is uitverkore om die boodskap van verlossing aan die wêreld te bring*** *- deur Suid-Afrika sal die wêreld die Boodskap aanneem! Maar hoe: Deur die vervulling van hierdie profesie. O,* ***volk van Suid-Afrika***, *(****Sef. 3:10****) groot is die offer wat van julle gevra word! Groot is die verantwoordelikheid wat op julle skouers rus! Julle sal die Boodskap deur Geloof alleen moet aanneem, sonder bewyse, sonder hoë gesag as die geskrewe woord -* ***maar die wêreld sal dit aanneem deur die getuienis van die vervulling van die profesie van rampe wat oor julle sal kom****."* *[Johanna Brandt, Die Millennium, p.142.]*

Dan moet ons weet dat die inhoud van die klein boekie (van Openb. 10:2) van toepassing is.) In daardie tyd sal Migael, die groot engel-leierfiguur, optree. (Dan. 12:1.) Migael en sy engele sal oorlog teen die draak en sy engele voer. (Openb. 12:7.) **Dit is 'n oorlog tussen die GEES VAN LEVIATAN EN DIE LEEU VAN JUDA oor GRONDGEBIEDE EN WATERS**..." "KYK! WANT 'N AFTAKELING VAN DEMONIESE VESTINGS SAL BEGIN PLAASVIND IN DIE POORTSTEDE VAN HIERDIE NASIE ...! Luister! Let op Suid-Afrika, want daar is 'n stryd wat woed in die hemele (bokant Suid-Afrika) oor die Koninkryk-bestemming van die Volk in hierdie uur. (As te ware 'n bose versetaksie om die opregting van die Koninkryk van God soos in **Openb. 12:3-4** aangedui is, teë te werk.) Dit is 'n stryd tussen die koninkryk van lig en die koninkryk van die duisternis. Ek (***Veronika West van Ierland***) profeteer, **'DIT IS TYD** VIR (die geboorte van) DIE LEËR VAN GOD OM OP TE STAAN EN HULLE PLEK IN TE NEEM! DIT IS TYD OM OORLOG TE VOER OP 'N NUWE MANIER, WANT 'N NUWE DAG HET OOR DIE LAND AANGEBREEK!' *(Gatewaynews, it's time to declare 'It is written, it is finished' — Veronika West. 15 Julie 2021.)*

### God se weermag:

**Mary** Baxter praat van 'n heilige leër wat te voorskyn sal kom en groot dinge vir die Meester sal doen. **Hy sal hulle met gawes toerus** (***wedergeboorte***) en hulle sal sy magtige werke doen. Hulle sal teen die magte van die bose optree en baie van die werke van die duiwel vernietig. Hulle sal baie vir JaHshua wen. *[Baxter, M.K. Openbaring van die Ewigheid. pp.84-86.]*

***Joel 3:9*** *Roep dit uit onder die nasies, berei 'n oorlog! Wek die dapper manne op, laat al die manne van die oorlog opruk! 10 Smee van julle pikke* ***swaarde*** *en van julle snoeimesse* ***spiese****; laat die swakke sê: Ek is dapper. 11 Haas julle en kom aan, alle nasies rondom, en versamel julle. Laat U* ***Sterkes****, JaHWeH, daarheen aftrek!*

Ons sal ons kragte soek in die genade wat Elohim ons gee omdat ons aan JaHshua die Messias behoort. Ons moet onthou dat ons veg vir JaHshua. As ons goeie soldate van Hom wil wees, moet ons gewillig wees om ook saam swaar te kry en na ons bevelvoerder JaHshua te luister.

*Trek die* ***volle wapenrusting*** *van Elohim aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die* ***owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug****.(****Efesiërs. 6:11-12****.]*

### Israel is God se Hamer:

***Jeremia 51:19*** *Jakob se deel is nie soos hulle nie; want Hy is die Formeerder van alles,* ***en (Jakob) is die Septer van Sy Erfenis;*** *JaHWeH van die skeppings-leërmag is Sy Naam. 20 Jy is vir My 'n* ***hamer en oorlogswapens****; en met jou verbrysel Ek nasies, en met jou verwoes Ek koninkryke. 21 En met jou verbrysel Ek die perd en sy ruiter; en met jou verbrysel Ek die strydwa en die wat daarop ry. 22 En met jou verbrysel Ek man en vrou; en met jou verbrysel Ek grysaard en seun; en met jou verbrysel Ek die jongman en die maagd.*

*23 En met jou verbrysel Ek die* ***herder en sy trop****; en met jou verbrysel Ek die* ***landbouer*** *en die juk van sy twee osse; en met jou verbrysel Ek* ***goewerneurs en owerstes.***

*Jer 51:24 Maar Ek sal* ***voor julle oë*** *aan Babel en aan al die inwoners van Chaldéa vergelde al hulle besoedeling wat hulle in Sion gedoen het, spreek JaHWeH.*

*25 Kyk, Ek het dit teen jou, o* ***berg wat verwoes****, spreek JaHWeH; jy wat die hele Aarde verwoes. En Ek sal My Hand teen jou uitstrek en jou van die rotse afrol en sal jou maak 'n* ***afgebrande berg****.*

26 En hulle sal uit jou geen klip neem vir 'n hoek of 'n klip vir fondamente nie; want jy sal **ewige wildernisse** wees, spreek JaHWeH.

*27* ***Hef 'n Banier op oor die Aarde, blaas die ramshoring onder die nasies****, wys nasies teen haar aan, roep teen haar op die koninkryke van Ararat, Minni en* ***Ashkenaz****, (Joodse volk) stel 'n kommandant teen haar aan, laat perde optrek soos stekerige sprinkane!*

### Yster Horing en Koper Kloue:

***Miga 4:13*** *Staan op en dors, o* ***Dogter van Sion****! Want Ek sal Jou Horing Yster maak en Jou kloue koper, en Jy sal baie volke fyn trap; en Jy sal hulle onregverdige wins aan JaHWeH toewy en hulle rykdom aan die Elohey van die ganse Aarde.*

***Jes 41:15*** *Kyk, Ek maak jou tot 'n skerp,* ***nuwe dorsslee*** *wat baie tande het: jy sal berge dors en fyn maal, en heuwels maak soos kaf. [Odes van Salomo 23:13; Miga 4:13] 16* ***Jy sal hulle uitwan****, en die Gees sal hulle wegneem en die storm hulle verstrooi; maar jy sal juig in* ***JaHWeH, jou beroem op die Aparte Een van JisraEl****.*